Geopende *Deure*

GEBEDSKALENDER



November 2026

"Kyk, ek bring vir julle 'n goeie boodskap wat vir die hele volk 'n bron van groot vreugde sal wees."
LUKAS 2:10

NOVEMBER

KINDERS TYDENS KERSFEES

1 November

Ontmoet vandag, op IDOP-Sondag, die twaalfjarige Aicha van Burkina Faso (op die voorblad, met ḥ papierengel). Sy het alreeds gely omdat sy Jesus volg. Bid saam met haar terwyl sy uitsien na Kersfees. “Die hoofboodskap van Kersfees is dat Jesus die Seun van God is,” sê sy.

2 November

Aicha het die Evangelie met haar ouers gedeel. Bid saam met haar ma, Asseta, wat sê: “God het my geroep om die Evangelie van Jesus te verkondig. Bid asseblief dat God my sal help om te doen wat Hy my geroep het om te doen.”

3 November

Loof God vir die genesing wat Elias, Hanan en hul vyf kinders ervaar het sedert die bomaanval op St. Elias-kerk in Damaskus, Sirië. Bid vir hulle terwyl hulle hierdie Kersfees tegemoet gaan sonder die sewe familielede wat hulle tydens die aanval verloor het.

4 November

Die negejarige Elie was in die aanbiddingsaal toe die bom by St. Elias-kerk ontplof het. Hy deel: “Ek wens dat die komende Kersfees met goedheid gevul sal wees en dat niks sleg ons sal tref nie.”

5 November

Bid dat die boodskap van Jesus wat na hierdie wêreld gekom het dié Kersfees die harte van baie ongelowiges in Sirië sal aanraak.

6 November

Bid dat Siriërs Jesus se geboorte in vrede kan vier. Bid vir betekenisvolle oomblikke en dat die Kersseisoen Christene in hul geloof sal versterk.

7 November

Bid saam met Geopende Deure se plaaslike vennote in Sentraal-Asië, wat gesamentlik Kersgeskenke aan meer as 12 000 kinders gaan uitdeel. Bid dat hul bediening oorvloedige vrug sal dra.

8 November

Bid saam met die jong Zhenyah* van Sentraal-Asië.

Die negejarige Elie van Sirië saam met sy pa, Ayham.



Christene in Kameroen onderteken die Arise Africa-petisie.



Sy het haar dankbaarheid vir haar Kersgeskenke gedeel met ŉ spesifieke versoek: “Ek wil vir die mense dankie sê. Bid vir my dat ek goeie punte sal kry.”

9 November

Word vandag deel van Echrak en haar agtjarige seun, Jamil, se lewens. Toe Echrak Jesus aangeneem het, het haar man, ŉ toegewyde Moslem, van haar geskei. Hulle moet Kersfees privaat vier waar hulle in Noord-Afrika woon. Vra God om vir hulle tasbare herinneringe van Sy krag te bring.

10 November

Bid saam met die Bangladesjiese kinders Arko*, Antu*, Samay* en Sagor*, wat deur hul klasmaats verwerp word. Hulle is deel van Christelike families wat in ŉ Hindoe-meerderheidsgebied van noordelike Bangladesj woon. Bid dat God hul harte sal beskerm wanneer hulle verwerping in die gesig staar.

11 November

Vra God om Christelike families in Suidelike Filippyne wat vanuit ŉ Moslem-agtergrond kom hierdie Kersfees te beskerm. Baie van hulle kan weens familiedruk nie openlik feesvier nie.

12 November

Jy onthou miskien vir Daniela van Colombië. Haar pa is sewe jaar gelede weens sy geloof doodgemaak. Prys God! Sy is steeds in die bediening en sê sy wil die Here beter leer ken.

13 November

Bid dat families in sub-Sahara Afrika wat rou oor die verlies van geliefdes wat weens hul geloof doodgemaak is, God se belofte dat Hy vandag en vir altyd “naby die gebrokenes van hart” is (Psalm 34:18) hierdie Kersfees sal onthou.

14 November

Vandag is die eerste inhandiging van die *Arise Africa*-petisie aan regerings en organisasies wêreldwyd. Bid dat God hierdie petisie sal gebruik om leiers tot aksie en gebed te beweeg.

15 November

Bid saam met twee Iranse Christene, Mary en haar twaalfjarige dogter, Esther. Mary en haar gesin het die land verlaat vir veiligheid toe die polisie hul huis deursoek het. Bid dat hul aanlynbediening vir Christene in Iran sal groei.

Pastoor Padam van Nepal.



16 November

"Wanneer alles rondom jou onseker voel, herinner Kersfees ons daaraan dat God ons nie vergeet het nie." Op slegs agt jaar oud lei Rayan 'n dubbele lewe in Iran saam met sy Christen-ma en Moslem-pa. Bid vandag op sy naam saam met hom.

17 November

Bid saam met Christelike kinders in Afganistan dat beide seuns en meisies sal aanhou droom van 'n helder toekoms waar hulle eendag vrylik kan aanbid.

18 November

Bid vir God se salwing op Kersfees-dramas en kerkfeeste in Viëtnam hierdie Kersfees. Bid vir Sy leiding terwyl families bure nooi om by hul feesvierings aan te sluit en geleenthede soek om die Evangelie te deel.

19 November

In landelike Viëtnam word Christene dikwels as verraaiers beskou vanweë hul besluit om die stam se geloofsoortuigings te verlaat en Jesus te volg. Bid vir families wat bedreigings vir hul lewens en bestaan in die gesig staar.

20 November

Soos Kersfees nader kom, verlang Irakese sterk na groter stabiliteit dwarsdeur die land. Bid saam met Irakese Christene wat hierdie Kersfees vir vrede hoop te midde van voortdurende spanning in verskillende streke.

21 November

Baie Irakese kerkleiers dra die emosionele las daarvan om in gemeenskappe te bedien wat deur migrasie, verlies en onsekerheid geraak word. Bid vir wysheid en hernuwing vir leiers terwyl hulle dien.

22 November

Bid dat Kersfees-eredienste in Irak hernude geloof, vertroosting en eenheid aan gemeentes sal bring, veral terwyl kerke feesvierings reël en kwesbare families ondersteun.

23 November


'n Irakese kind het haar Kersfees-gebed gedeel: "Ek hoop dat alle Christelike kinders in Irak veilig sal voel en sonder vrees of bekommernis kerk toe kan gaan," sê sy. Bid vandag saam met haar.

24 November

Bid saam met Irakese families dat hulle sal weet hoe om

> **"Kersfees herinner ons daaraan dat God ons nie vergeet het nie."**
>
> —DIE AGTJARIGE RAYAN VAN IRAN

Die horison in Betlehem.



die uitdagings waarmee hulle saamleef en teëkom, te hanteer. *God, ons bid vir ons broers en susters en vra vir U krag om die lig van Christus hierdie Kersfees te weerspieël.*

25 November

Bid vir Christelike families in Betlehem dat God hul harte met hoop sal vul terwyl hulle elke dag ekonomiese, sosiale en politieke uitdagings die hoof bied.

26 November

Bid vir vrede in Betlehem en dwarsdeur die Heilige Land, asook dat die Here verdeeldheid sal genees, die geweld sal beëindig en versoening vir alle mense sal bring.

27 November

Honderde Messiaanse gemeentes in Israel gaan Kersfees vier. Bid dat meer mense Jesus op kragtige maniere sal ontmoet en Hom as die Messias sal erken.

28 November

Ekstremiste het verlede jaar pastoor Padam se Kersfees-erediens in Nepal ontwrig en hom en sy vrou aangerand. Bid vir hierdie families terwyl hulle na nog ń Kersfees-erediens uitsien. Vra God om hul gemoedere te kalmeer en vrede te bring.

29 November

Pastoor Padam se visie vir sy bediening bly onveranderd. “Daar is baie plekke waar die Evangelie nog nooit verkondig is nie,” sê hy. “My droom is om die boodskap van Christus te versprei sodat mense die ware God kan ontmoet.”

30 November

Vir Christene in Laos is Kersfees ń diep betekenisvolle tyd om Jesus se geboorte te vier. Terwyl Advent vandag begin, bid saam met families in ondergrondse kerke wat in die geheim moet aanbid. Bid dat Kersfees diepe bemoediging sal bring.

**Name verander weens veiligheidsredes.*

Geopende *Deure*

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129